Beginsels om Sosiale Geregtigheid in ‘n Digitale Era te Bevorder

Ongeag die saak – geweld teen vroue, misbruik van kinders, armoede, konflik resolusie, selfbeskikking, rassisme, migrasie, die regte van werkers of inheemse bevolkings, gesondheid, grond, klimaat – sonder effektiewe kommunikasie kan ons nie veel bereik nie.

Om verandering teweeg te bring het ons ‘n holisties, inklusiewe benadering nodig om digitale tegnologieë te skep wat lewe, waardigheid en geregtigheid bevorder, eerder as ondermyn.

Ons het beginsels nodig wat alle mense toelaat om deel te neem aan deursigtige, ingeligte en demokratiese debat, waar mense onbeperkte toegang het tot inligting en kennis wat noodsaaklik is vir vreedsame naasbestaan, bemagtiging, verantwoordelike burgerlike deelname en wedersydse verantwoordbaarheid.

Gewortel in die geskiedenis van kommunikasie regte, maak hierdie beginsels voorsiening vir ‘n wêreld waarin:

- Elkeen geregtig is daarop om te kommunikeer, in te lig, en kennis te deel. Dit vereis onpartydige toegang tot kommunikasie-infrastruktuur en vryheid van spraak.

- Elkeen geregtig is daarop om deel te neem in ‘n inligting en kommunikasie gemeenskap, met besonderse oorweging vir minderheid- en kwetsbare groepe. Dit vereis inklusiewe en deelnemende bestuur van media infrastruktuur en digitale platforms.

- Elkeen geregtig is op billike en onpartydige publieke kommunikasie. Dit vereis etiese norme, toerekenbaarheid en vergoeding vir wanvoorstelling

- Elkeen geregtig is op waardigheid en respek. Dit vereis deursigtigheid en verantwoordbaarheid van media en digitale platforms.

- Elkeen geregtig is op privaatheid en beheer oor hulle eie inligting, insluitend die reg om inligting uit te vee, met die voorwaarde dat hulle nie betrokke is by mensereg vergrype of kriminele aktiwiteit nie. Hierdie reg behoort inherent en intrinsiek tot elke persoon se digitale identiteit te wees en vereis wetlike raamwerke wat die reg tot privaatheid en die beskerming van menseregte balanseer.

- Elkeen geregtig is op hulle eie kulturele en taal identiteit. Dit vereis spasie vir kulturele en linguistieke diversiteit en toegang tot en eienaarskap van die media.

- Elkeen geregtig is op kommunikasie vaardighede en mediageletterdheid. Dit vereis kultureel toepaslike opleiding en die bou van vaardighede vir dialoog, luister, openheid

en kritiese denke.

- Elkeen toegang het tot volhoubare kragbronne om hulle digitale of elektronies media van krag te voorsien. Dit vereis toegang tot tegnologieë soos son- of windkrag.

- Elkeen geregtig is op bekostigbare toestelle of publieke toegang tot apparaat in veilige ruimtes. Dit vereis ekonomiese bronne sowel as die “reg tot herstel.”

About the language

Afrikaans is one of the eleven official languages of the Republic of South Afrika and the third most spoken language in the country.

About the translator

Lyn has extensive experience managing small and large projects, particularly in the NGO sector. She was content editor for a special edition of "Contact", a publication of the World Council of Churches focusing on health.